STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

PRYS 20c PRICE
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer OORSEE 30c OVERSEAS *Registered at the Post Office as a Newspaper*
POSVRY — POST FREE

VOL. 104] PRETORIA, 22 FEBRUARIE 22 FEBRUARY 1974 [No. 4171

BEVELSKRIF

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WAARBY INGESTEL WORD "DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE-MEDALJE VIR DIE BEKAMPING VAN TERRORISME"

Aan almal onder wie se aandag hierdie geskrif kom:

Saluut!

Nademaal dit wenslik geag word dat dienste in verband met die bekamping van terrorisme erken word;

En nademaal dit dienstig geag word om persone op gepaste wyse vir sodanige dienste te vereer:

So is dit dat ek hierby 'n medalje instel, daarstel en invoer wat bekend staan as "Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir die Bekamping van Terrorisme—The South African Police Medal for Combating Terrorism", as 'n eervolle huldeblyk ter erkenning van dienste gelewer by die bekamping van terrorisme, en voorts verorden dat die toekenning van dié medalje onderworpe is aan die volgende reëls, tesame met die regulasies wat kragtens artikel 33 (1) van die Polisiewet, 1958 (No. 7 van 1958), by Goewermentskennisgewing R. 990 van 5 Julie 1963 uitgevaardig is:

1. Ten opsigte van eretekens, ordes of medaljes wat uitsluitlik aan lede van die Suid-Afrikaanse Polisie toegeken kan word, het "Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir die Bekamping van Terrorisme" voorrang onmiddellik ná "Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens".

2. Die medalje is van silwer, in die vorm van 'n sespuntige ster met drie lang en drie kort punte, waarvan die grootte sodanig is dat die lang punte deur 'n sirkel met 'n deursnee van 31,75 mm omsluit kan word, en wat so saamgestel is dat die 12 skuins vlakke van die sterpunte ses kiele en ses vlakke vorm wat geleidelik oploop na 'n middelpunt wat 5 mm hoër is as die sterpunte. Die ster lê oor 'n randomsoomde band van 3 mm breed, met 'n binnedeursnee van 19 mm op die vlakke waarvan, tussen die sterpunte, in reliëf uitgebeeld is twee geboë aalwynblare wat mekaar kruis.

3. Die medalje hang aan 'n sylint van 31,75 mm breed, met nege vertikale strepe wat soos volg saamgestel is: Silwer, 3 mm, rooi, 2 mm, silver, 2 mm, rooi, 6,5 mm, silwer, 4,75 mm, rooi, 6,5 mm, silwer, 2 mm, rooi, 2 mm en silwer, 3 mm. Dit word regoor een van die sterpunte aan die lint geheg deur middel van 'n V-vormige silwerbeuel en oorliggende randomsoomde skild waarop in reliëf verskyn 'n kandelaar-aalwyn met vier blare en drie kerse

WARRANT

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA BY WHICH IS INSTITUTED "THE SOUTH AFRICAN POLICE MEDAL FOR COMBATING TERRORISM"

To all to whom these presents shall come:

Greetings!

Whereas it is deemed desirable to recognise services in connection with the combating of terrorism;

And whereas it is deemed expedient to honour persons for such services in a fitting manner:

Now, therefore, I do hereby, as an honourable tribute in recognition of services in connection with the combating of terrorism, institute, constitute and create a medal which shall be styled "The South African Police Medal for Combating Terrorism—Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir die Bekamping van Terrorisme", and further ordain that the following rules, together with the regulations promulgated in terms of section 33 (1) of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), in Government Notice R. 990 of 5 July 1963, shall govern the award of the medal:

1. In respect of decorations, orders or medals which may be awarded exclusively to members of the South African Police, "The South African Police Medal for Combating Terrorism" shall have precedence immediately after the "South African Police Medal for Faithful Service".

2. The medal shall be of silver, in the shape of a six-pointed star with three long and three short points, the size of which shall be such as to permit the enclosing of the long points by a circle 31,75 mm in diameter and composed in such a manner that the 12 oblique faces of the star points form six keels and six sections, gradually inclining to a midpoint 5 mm higher than the star points. The star shall lie across a rimmed band 3 mm wide, with an inner diameter of 19 mm, on the faces whereof, between the star points, shall be depicted in relief two arched crossed aloe leaves.

3. The medal shall be pendent from a silk ribbon 31,75 mm wide, with nine vertical stripes composed as follows: Silver, 3 mm, red, 2 mm, silver, 2 mm, red, 6,5 mm, silver, 4,75 mm, red, 6,5 mm, silver, 2 mm, red, 2 mm and silver, 3 mm. It shall be attached to the ribbon opposite one of the star points by means of a V-shaped silver clevis and surrounding rimmed shield. On the shield shall be, in relief, a candlestick aloe with four leaves and

wat uit die sterpunt ontspring. Op die keersy van die medalje verskyn die woorde "Bekamping van Terrorisme" en "Combating Terrorism" in 'n sirkel om die Suid-Afrikaanse Polisiekenteken, alles in reliëf.

4. Die balk wat by die medalje toegeken kan word, is van silwer, 31,75 mm lank en 6,35 mm breed. Die gespe wat toegeken kan word, word op die balk gemonteer, is van silwer en stem ooreen met die beskrywing van die skild.

5. Die medalje kan toegeken word aan iemand wat op of te eniger tyd ná 26 Augustus 1966—

(1) as lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Polisie, in 'n geveg met terrorisme betrokke was, of in verband met dienste ter voorkoming en bestryding van terrorisme beseer is deur die toedoen van terroriste of wat tydens die uitvoering van sodanige dienste besondere waaksaamheid, toewyding, vernuf, vaardigheid of leierskap aan die dag gelê het; *of*

(2) as lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Polisie vir minstens ses maande, welke tydperk kumulatief kan wees, in 'n gebied soos deur die Minister bepaal, teeninsurgensiediens verrig en hom voorbeeldig gedra het; *of*

(3) buitengewone en uitnemende diens aan die Suid-Afrikaanse Polisie gelewer het in verband met die bekamping van terrorisme.

6. Aan iemand aan wie "Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir die Bekamping van Terrorisme" reeds toegeken is en wat na die datum van sodanige toekenning weer aan die vereistes van reël 5 voldoen, kan 'n balk toegeken word. Ten opsigte van elke sodanige onderskeiding kan 'n balk toegeken word.

7. Die medalje, asook die balk ten opsigte daarvan, word na goeddunke deur die Minister van Polisie van die Republiek van Suid-Afrika op aanbeveling van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie toegeken en op aanbeveling van laasgenoemde maar behoudens sodanige voorwaardes as wat by regulasie voorgeskryf mag word, kan so 'n toekenning ook deur genoemde Minister ingetrek, nietig of verbeurd verklaar of herstel word.

8. Op die keersy van elke medalje en balk wat toegeken word, word die Magsnommer, indien daar een is, die rang, indien van toepassing, en die naam van die persoon wat die onderskeiding verwerf het, ingestempel.

9. Die naam van die persoon aan wie die medalje of balk toegeken is, word in die Suid-Afrikaanse Polisiemagsorders afgekondig en moet, tesame met die besonderhede wat die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie dienstig ag, in 'n register in sy kantoor opgeteken word.

10. Die bepalings van reël 9 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die intrekking, nietig- of verbeurdverklaring en herstel van 'n medalje of balk.

11. Toekenning van die medalje, asook die balk ten opsigte daarvan, verleen nie aan die ontvanger enige persoonlike voorrang nie.

12. Die medalje word links op die bors gedra en 'n balk wat ten opsigte daarvan toegeken word, word geheg aan die lint waaraan sodanige medalje hang. Wanneer die medalje nie gedra word nie, word slegs die lint gedra wat daarop betrekking het, en in so 'n geval word die gespe wat saam met die balk uitgereik word, aan die lint geheg as aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

13. Die medalje, asook die balk ten opsigte daarvan, kan postuum toegeken word.

14. 'n Miniatuurreproduksie van die medalje, wat half so groot is as die medalje self, kan by paslike geleenthede gedra word.

three candles originating from the star point. The reverse shall bear, in relief, the words "Bekamping van Terrorisme—Combating Terrorism" in a circle around the design of the official badge of the South African Police.

4. The bar to the medal which may be awarded shall be of silver, 31,75 mm long and 6,35 mm wide. The clasp which may be awarded, shall be mounted on the bar, shall be of silver and correspond with the description of the shield.

5. The medal may be awarded to a person who, on or at any time after the 26th day of August 1966—

(i) as a member of the South African Police or in support of the South African Police, has been involved in combat with terrorists, or in the course of the performance of duties in connection with the prevention and combating of terrorism, sustained injuries arising from terrorist activities or who in the execution of such duties displayed exceptional vigilance, zeal, ingenuity, skill or leadership; *or*

(2) as a member of the South African Police or in support of the South African Police, performed counter-insurgency duty for at least six months, which period may be cumulative in an area fixed by the Minister, and behaved in an exemplary manner; *or*

(3) has rendered exceptional and outstanding service to the South African Police in the combating of terrorism.

6. A person to whom the "South African Police Medal for Combating Terrorism" has been awarded and after the date of such award again complied with rule 5, may be awarded a bar. A bar may be awarded in respect of each such distinction.

7. The medal, as well as the bar in respect thereof, shall be awarded at the discretion of the Minister of Police of the Republic of South Africa on the recommendation of the Commissioner of the South African Police, and on the recommendation of the latter but subject to such conditions as may be prescribed by regulation, such award may also be cancelled, annulled, declared forfeit or restored by the said Minister.

8. On the reverse of each medal and bar awarded, shall be stamped the Force number, if any, the rank, if applicable, and the name of the person who has won the distinction.

9. The name of the person to whom the medal or bar is awarded, shall be published in the South African Police Force Orders and shall, together with such particulars as the Commissioner of the South African Police may deem expedient, be recorded in a register kept in his office.

10. The provisions of rule 9 shall *mutatis mutandis* apply in respect of the cancellation, annulment, forfeiture and restoration of a medal or bar.

11. Conferment of the medal, as well as the bar in respect thereof, shall not entitle the recipient to any individual precedence.

12. The medal shall be worn on the left hand side of the chest and a bar awarded in respect thereof shall be affixed to the ribbon from which such medal is suspended. When the medal is not worn, only the ribbon in respect thereof shall be worn, and in such case the clasp issued with the bar shall be affixed to the ribbon as an indication of the award of such bar.

13. The medal, as well as the bar in respect thereof, may be awarded posthumously.

14. A reproduction of the medal in miniature, half the size of the medal, may be worn on fitting occasions.

15. 'n Verseëlde model van die medalje, asook van die balk en lint ten opsigte daarvan en van die miniatuurreproduksie daarvan, moet veilig bewaar word in die kantoor van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of in sodanige ander plek as wat die Minister bepaal.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Eerste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. W. VAN DER MERWE.

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 22, 1974

ONTBINDING VAN DIE PROVINSIALE RADE

Ek, Jacobus Johannes Fouché, Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, ontbind hierby ingevolge die bepalings van artikel 71 (1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), alle provinsiale rade met ingang van 28 Februarie 1974.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

C. P. MULDER.

No. 24, 1974

KONINGSRIVIERBESPROEIINGSDISTRIK, AFDELING ROBERTSON, KAAPPROVINSIE.—UITBREIDING VAN GRENSE

Nademaal artikel 76 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), bepaal dat die Staatspresident op aanbeveling van die Minister van Waterwese enige addisionele gebied by 'n bestaande besproeiingsdistrik kan insluit;

En nademaal dit dienstig geag word om die grense van die Koningsrivierbesproeiingsdistrik te wysig ten einde 'n addisionele gebied daarby in te sluit;

En nademaal al die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot sodanige insluiting van addisionele grond nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 76 (1) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die grense van die Koningsrivierbesproeiingsdistrik, afdeling Robertson, Kaapprovinsie, soos ingestel by Proklamasie 8 van 1954, uitgebrei word deur die insluiting van die eiendomme wat in die Bylae van hierdie Proklamasie beskryf word en dat die aldus uitgebreide gebied voortaan nog as die Koningsrivierbesproeiingsdistrik bekend staan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewende dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

15. A sealed model of the medal, as well as the bar and ribbon in respect thereof, and of the miniature reproduction thereof, shall be kept in safe custody in the office of the Commissioner of the South African Police or in such other place as the Minister may determine.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this First day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. W. VAN DER MERWE.

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 22, 1974

DISSOLUTION OF THE PROVINCIAL COUNCILS

I, Jacobus Johannes Fouché, State President of the Republic of South Africa, hereby dissolve, in terms of the provisions of section 71 (1) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), all provincial councils with effect from 28 February 1974.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighth day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

C. P. MULDER.

No. 24, 1974

KONINGS RIVER IRRIGATION DISTRICT, DIVISION OF ROBERTSON, CAPE PROVINCE.—EXTENSION OF BOUNDARIES

Whereas it is provided by section 76 (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), that the State President may, upon a recommendation of the Minister of Water Affairs, include any additional area in an existing irrigation district;

And whereas it is deemed expedient to alter the boundaries of the Konings River Irrigation District to include an additional area therein;

And whereas all the provisions of the said Act in connection with such inclusion of additional land have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by section 76 (1) of the said Act, I do hereby declare that the boundaries of the Konings River Irrigation District, Division of Robertson, Cape Province, as established by Proclamation 8 of 1954, shall be extended by the inclusion of the properties described in the Annexure to this Proclamation and that the area so extended shall continue to be styled the Konings River Irrigation District.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Seventh day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

BYLAE

BESKRYWING VAN DIE EIENDOMME WAT INGESLUIT WORD BY DIE KONINGSRIVIER-BESPROEIINGSDISTRIK, AFDELING ROBERTSON, KAAPPROVINSIE

Die volgende onderverdelings van die plaas De Rietvally 154:

Gedeelte 1, Gedeelte 3, Gedeelte 4 en resterende gedeelte.

Die volgende onderverdelings van die plaas Rietvallei 153:

Gedeelte 5, resterende gedeelte, Gedeelte 4, Gedeelte 2 (Koeniesrivier) en Gedeelte 3 (Die Pas).

Die volgende onderverdelings van die plaas Rooi Krantzberg 186:

Resterende gedeelte en Gedeelte 2 (gedeelte van Gedeelte 1).

Die volgende onderverdeling van die plaas Takapsvalley 155:

Gedeelte 10 (Weltevrede Annex) en die plaas Kliphoogte 151.

No. 25, 1974

BOSPOORTBESPROEIINGSDISTRIK, DISTRIK RUSTENBURG, TRANSVAAL.—AFSKAFFING

Nademaal daar by artikel 78 (1) (c) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), bepaal word dat die Staatspresident, op aanbeveling van die Minister, wanneer die Minister die werksaamhede van 'n besproeiingsraad kragtens artikel 95 (2) (a) (iii) van genoemde Wet aanvaar het, en hy dit te eniger tyd daarna in die belang van die meerderheid van die persone aanspreeklik vir die betaling van belastings aan daardie Raad wenslik ag dat genoemde Raad afgeskaf word, 'n besproeiingsdistrik by proklamasie in die *Staatskoerant* kan afskaf;

En nademaal die Minister kragtens die betrokke bepalings van genoemde Wet, die werksaamhede van die Bospoort-besproeiingsraad aanvaar het, en dit in belang van die meerderheid van die persone aanspreeklik vir die betaling van belastings aan die Raad wenslik ag dat genoemde Raad afgeskaf word;

En nademaal die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot sodanige afskaffing van 'n besproeiingsdistrik nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde artikel 78 (1) (c), hierby verklaar dat die Bospoortbesproeiingsdistrik, distrik Rustenburg, Transvaal, soos ingestel by Proklamasie 132 van 1932, afgeskaf word vanaf 1 April 1974.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

No. 26, 1974

BOSPOORT - BESPROEIINGSRAAD, DISTRIK RUSTENBURG, TRANSVAAL.—OORDRAG VAN BEHEER OOR DIE VERDELING VAN WATER EN DIE RAAD SE WATERWERKE AAN DIE STAAT

Nademaal die Staatspresident, kragtens artikel 95A (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), die bevoegdheid om die waterwerke wat behoort aan of beheer word

ANNEXURE

DESCRIPTION OF THE PROPERTIES BEING INCLUDED IN THE KONINGS RIVER IRRIGATION DISTRICT, DIVISION OF ROBERTSON, CAPE PROVINCE

The following subdivisions of the farm De Rietvally 154:

Portion 1, Portion 3, Portion 4 and remaining portion.

The following subdivisions of the farm Rietvallei 153:

Portion 5, remaining portion, Portion 4, Portion 2 (Koenies River) and Portion 3 (Die Pas).

The following subdivisions of the farm Rooi Krantzberg 186:

Remaining portion and Portion 2 (portion of Portion 1).

The following subdivision of the farm Takapsvalley 155:

Portion 10 (Weltevrede Annex) and the farm Kliphoogte 151.

No. 25, 1974

BOSPOORT IRRIGATION DISTRICT, DISTRICT OF RUSTENBURG, TRANSVAAL.—DISESTABLISHMENT

Whereas it is provided by section 78 (1) (c) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), that the State President may, upon the recommendation of the Minister, whenever the Minister has assumed the functions of an irrigation board in terms of section 95 (2) (a) (iii) of the said Act, and at any time thereafter he deems it desirable in the interests of the majority of the persons liable for the payment of rates to such Board that the said Board be disestablished, by proclamation in the *Gazette* disestablish the said irrigation district;

And whereas the Minister has assumed the functions of the Bospoort Irrigation Board in terms of the relevant provisions of the said Act, and he deems it desirable in the interest of the majority of the persons liable for the payment of rates to the said Board that the said Board be disestablished;

And whereas the provisions of the said Act in respect of such disestablishment of an irrigation district have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by the said section 78 (1) (c), I do hereby declare that the Bospoort Irrigation District, District of Rustenburg, Transvaal, as constituted by Proclamation 132 of 1932, is disestablished with effect from 1 April 1974.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighth day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

No. 26, 1974

BOSPOORT IRRIGATION BOARD, DISTRICT OF RUSTENBURG, TRANSVAAL. — TRANSFER OF CONTROL OF THE DIVISION OF WATER AND THE BOARD'S WATERWORKS TO THE STATE

Whereas the State President may, in terms of section 95A (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), vest in the Minister of Water Affairs the power of control of the

deur 'n besproeiingsraad asook om die distribusie, voorsiening of gebruik van water binne 'n besproeiingsdistrik wat as sodanig geproklameer is, te beheer aan die Minister van Waterwese kan oordra;

En nademaal dit nodig geword het dat sodanige beheer oor die Bospoortbesproeiingsdistrik aan die Minister oorgedra word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 95A (1) van genoemde Wet, hierby die beheer oor die verdeling van water asook oor die waterwerke onder beheer van die Bospoort-besproeiingsraad aan die Minister van Waterwese oordra vanaf 1 Maart 1974.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. 244 22 Februarie 1974

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 305

VISVERWERKINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.—WYSIGING VAN LOONKLOUSULE

Die Loonraad het 'n versoek in verband met bovermelde Vasstelling ontvang en gee hierby kragtens artikel 15 (3) (a) van die Loonwet, 1957, kennis dat die ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd 'n verslag en 'n aanbeveling by die Minister van Arbeid sal indien.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Sodanige vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak X108, Pretoria 0001, nie later nie as 22 Maart 1974 bereik.

Die versoek lui soos volg:

"Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad kragtens artikel 15 (2) van die Loonwet, 1957, om die wenslikheid te oorweeg om—

(1) klousule 3 (1) van Loonvasstelling 305, Visverwerkingsnywerheid, Sekere Gebiede, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2246 van 6 Desember 1968, te wysig ten einde die lone te verhoog wat daarin voorgeskryf word;

(2) enige ander bepalings van genoemde Vasstelling te wysig wat as gevolg van (1) gewysig moet word.".

No. 256 22 Februarie 1974

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

ONAFGEBROKE WERK

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby, ingevolge die eerste voorbehoudsbepalings van artikel 19 (1) (a) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die vervaardiging van kunsmis soos uitgevoer deur Fedmis (Pty) Ltd, in die landdrosdistrik Sasolburg, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur drie skofte per dag noodsaaklik is.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

waterworks belonging to or controlled by any irrigation board, and of the distribution, supply or use of water within an irrigation district proclaimed as such;

And whereas it has become necessary for such control of the Bospoort Irrigation District to be vested in the Minister;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by section 95A (1) of the said Act, I hereby assign the control of the division of water and of the waterworks controlled by the Bospoort Irrigation Board to the Minister of Water Affairs with effect from 1 March 1974.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighth day of February, One thousand Nine Hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. 244 22 February 1974

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 305

FISH PROCESSING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.—AMENDMENT TO WAGE CLAUSE

The Wage Board has received a request in respect of the above-mentioned Determination and hereby gives notice in terms of section 15 (3) (a) of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course submit a report and recommendation to the Minister of Labour.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag X108, Pretoria 0001, not later than 22 March 1974.

The request reads as follows:

"The Minister of Labour requests the Wage Board in terms of section 15 (2) of the Wage Act, 1957, to consider the advisability of amending—

(1) clause 3 (1) of Wage Determination 305, Fish Processing Industry, Certain Areas, published under Government Notice R. 2246 of 6 December 1968, in order to increase the wages therein prescribed;

(2) any other provisions of the said Determination which may require amendment consequent on (1).".

No. 256 22 February 1974

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

CONTINUOUS WORKING

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of the first proviso to section 19 (1) (a) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the manufacture of fertilizer as carried out by Fedmis (Pty) Ltd, in the Magisterial District of Sasolburg, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. 242 22 Februarie 1974

OORDRAG VAN DIE DISTRIKSARBEIDSBURO'S VAN SEKERE BANTOESAKEKOMMISSARISSE EN LANDDROSTE AAN SEKERE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE

Ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, bepaal hierby, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 11 (6) (a) van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971 (Wet 45 van 1971), dat die distriksarbeidsburo's wat ingevolge die bepalings van artikel 21 (1) (c) (i), (ii) en (iii) van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet 67 van 1964), ingestel is en geleë is binne die administrasiegebiede van die Bantoesake-administrasierade vermeld in die Bylae hiervan, met ingang van die tweede datum vermeld teenoor elke Bantoesake-administrasieraad in die Bylae hiervan, beskou word as distriksarbeidsburo's wat ingestel is vir hulle administrasiegebiede en verklaar dat die bepalings van artikel 11 (6) (b) van eersgenoemde Wet vanaf die tweede datum op die betrokke arbeidsburo's van toepassing is.

T. N. H. JANSON, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys.

(Lêer A1/3/2/12)

BYLAE

1. Bantoesake-administrasieraad vir die Karoogebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1183 van 6 Julie 1973 met ingang van 1 Maart 1974.

2. Bantoesake-administrasieraad vir die Middellandegebied ingestel by Goewermentskennisgewing 857 van 25 Mei 1973 met ingang van 1 April 1974.

3. Bantoesake-administrasieraad vir die Midde-Oranje-Vrystaatse gebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1445 van 18 Augustus 1972 met ingang van 1 Maart 1974.

4. Bantoesake-administrasieraad vir die Noord-Kaapgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1001 van 15 Junie 1973 met ingang van 1 April 1974.

5. Bantoesake-administrasieraad vir die Noord-Natalgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1001 van 15 Junie 1973 met ingang van 1 April 1974.

6. Bantoesake-administrasieraad vir die Noord-Oranje-Vrystaatse gebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1445 van 18 Augustus 1972 met ingang van 1 Julie 1974.

7. Bantoesake-administrasieraad vir die Oos-Kaapgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1183 van 6 Julie 1973 met ingang van 1 Julie 1974.

8. Bantoesake-administrasieraad vir die Oos-Randgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 857 van 25 Mei 1973 met ingang van 1 April 1974.

9. Bantoesake-administrasieraad vir die Oos-Transvaalse gebied ingestel by Goewermentskennisgewing 857 van 25 Mei 1973 met ingang van 1 April 1974.

10. Bantoesake-administrasieraad vir die Suid-Oranje-Vrystaatgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1001 van 15 Junie 1973 met ingang van 1 Julie 1974.

11. Bantoesake-administrasieraad vir die Suid-Transvaalgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 857 van 25 Mei 1973 met ingang van 1 Maart 1974.

12. Bantoesake-administrasieraad vir die Vaaldriehoekgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 1445 van 18 Augustus 1972 met ingang van 1 Maart 1974.

13. Bantoesake-administrasieraad vir die Wes-Randgebied ingestel by Goewermentskennisgewing 857 van 25 Mei 1973 met ingang van 1 Julie 1974.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 242 22 February 1974

TRANSFER OF THE DISTRICT LABOUR BUREAUX OF CERTAIN BANTU AFFAIRS COMMISSIONERS AND MAGISTRATES TO CERTAIN BANTU AFFAIRS ADMINISTRATION BOARDS

I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, do hereby determine, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development under the powers vested in him by section 11 (6) (a) of the Bantu Affairs Administration Act, 1971 (Act 45 of 1971), that the district labour bureaux established in terms of section 21 (1) (c) (i), (ii) and (iii) of the Bantu Labour Act, 1964 (Act 67 of 1964), and situate within the administration areas of the Bantu Affairs Administration Boards mentioned in the Schedule hereto shall with effect from the second date mentioned opposite each Bantu Affairs Administration Board in the Schedule hereto, be deemed to be district labour bureaux established for their administration areas and declare that the provisions of section 11 (6) (b) of the first-mentioned Act shall with effect from the second date apply to the labour bureaux concerned.

T. N. H. JANSON, Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

(File A1/3/2/12)

SCHEDULE

1. Bantu Affairs Administration Board for the Central Orange Free State Area, established by Government Notice 1445, dated 18 August 1972, with effect from 1 March 1974.

2. Bantu Affairs Administration Board for the East Rand Area, established by Government Notice 857, dated 25 May 1973, with effect from 1 April 1974.

3. Bantu Affairs Administration Board for the Eastern Cape Area, established by Government Notice 1183, dated 6 July 1973, with effect from 1 July 1974.

4. Bantu Affairs Administration Board for the Eastern Transvaal Area, established by Government Notice 857, dated 25 May 1973, with effect from 1 April 1974.

5. Bantu Affairs Administration Board for the Karoo Area, established by Government Notice 1183, dated 6 July 1973, with effect from 1 March 1974.

6. Bantu Affairs Administration Board for the Midlands Area, established by Government Notice 857, dated 25 May 1973, with effect from 1 April 1974.

7. Bantu Affairs Administration Board for the Northern Cape Area, established by Government Notice 1001, dated 15 June 1973, with effect from 1 April 1974.

8. Bantu Affairs Administration Board for the Northern Natal Area, established by Government Notice 1001, dated 15 June 1973, with effect from 1 April 1974.

9. Bantu Affairs Administration Board for the Northern Orange Free State Area established by Government Notice 1445, dated 18 August 1972, with effect from 1 July 1974.

10. Bantu Affairs Administration Board for the Southern Orange Free State Area, established by Government Notice 1001, dated 15 June 1973, with effect from 1 July 1974.

11. Bantu Affairs Administration Board for the Southern Transvaal Area, established by Government Notice 857, dated 25 May 1973, with effect from 1 March 1974.

12. Bantu Affairs Administration Board for the Vaal Triangle Area, established by Government Notice 1445, dated 18 August 1972, with effect from 1 March 1974.

13. Bantu Affairs Administration Board for the West Rand Area, established by Government Notice 857, dated 25 May 1973, with effect from 1 July 1974.

No. 254 22 Februarie 1974

INSTELLING VAN DIE MPUMALANGASTREEKSOWERHEID EN BEPALING VAN DIE GETAL LEDE VAN GENOEMDE STREEKSOWERHEID

Dit het die Staatspresident behaag om—

(1) kragtens artikel 2 (1) (b) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), 'n streeksowerheid, wat bekend sal staan as die Mpumalangastreeksowerheid, in te stel ten opsigte van die gebiede van die volgende stam- en gemeenskapsowerhede:

(a) Die Ximbastamowerheid soos ingestel by Goewermentskennisgewing 1725 van 1 November 1957;
(b) die Manyavustamowerheid soos ingestel by Goewermentskennisgewing 975 van 5 Julie 1957;
(c) die Maphumulostamowerheid soos ingestel by Goewermentskennisgewing 975 van 5 Julie 1957;
(d) die Shangasestamowerheid soos ingestel by Goewermentskennisgewing 1982 van 4 Desember 1959;
(e) die Gcumisastamowerheid soos ingestel by Goewermentskennisgewing 6 van 8 Januarie 1971;
(f) die Fredvillegemeenskapsowerheid soos ingestel by Goewermentskennisgewing 1891 van 19 Oktober 1973;

(2) kragtens artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat genoemde streeksowerheid uit 19 lede, met inbegrip van die voorsitter, moet bestaan.

(F55/8/28)

No. 254 22 February 1974

ESTABLISHMENT OF THE MPUMALANGA REGIONAL AUTHORITY AND DETERMINATION OF THE NUMBER OF MEMBERS OF THE SAID REGIONAL AUTHORITY

The State President has been pleased—

(1) in terms of section 2 (1) (b) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to establish a regional authority to be known as the Mpumalanga Regional Authority, in respect of the areas of the following Tribal and Community Authorities:

(a) The Ximba Tribal Authority as established by Government Notice 1725, dated 1 November 1957;
(b) the Manyavu Tribal Authority as established by Government Notice 975, dated 5 July 1957;
(c) the Maphumulo Tribal Authority as established by Government Notice 975, dated 5 July 1957;
(d) the Shangase Tribal Authority as established by Government Notice 1982, dated 4 December 1959;
(e) the Gcumisa Tribal Authority as established by Government Notice 6, dated 8 January 1971;
(f) the Fredville Community Authority as established by Government Notice 1891, dated 19 October 1973;

(2) in terms of section 3 (1) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the said Regional Authority shall consist of 19 members, inclusive of the chairman.

(F55/8/28)

No. 274 22 Februarie 1974

Die volgende Goewermentskennisgewing, uitgereik deur die Regering van kwaZulu, word vir algemene inligting gepubliseer:

KWAZULUREGERING

KWAZULUGOEWERMENTSKENNISGEWING 4 VAN 1974

VERANDERING VAN DIE GEBIED VAN DIE INDLOVUSTREEKSOWERHEID IN DIE DISTRIKTE MAPUMULO EN UMVOTI IN KWAZULU.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 1890 VAN 19 OKTOBER 1973

Dit het die Uitvoerende Raad van kwaZulu behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 2 (3) en 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), gelees met artikel 22 en item 30 van Bylae 1 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 1890 van 19 Oktober 1973, ooreenkomstig bygaande Bylae.

BYLAE

1. Skrap "en" aan die einde van paragraaf (1) (r); en
2. Skrap paragraaf (1) (s).

No. 274 22 February 1974

The following Government Notice, issued by the Government of kwaZulu, is published for general information:

KWAZULU GOVERNMENT

KWAZULU GOVERNMENT NOTICE 4 OF 1974

MODIFICATION OF THE AREA OF THE INDLOVU REGIONAL AUTHORITY IN THE MAPUMULO AND UMVOTI DISTRICTS IN KWAZULU.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE 1890, DATED 19 OCTOBER 1973

The Executive Council of kwaZulu has been pleased, under and by virtue of the powers vested in it by section 2 (3) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), read with section 22 and item 30 of Schedule 1 to the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), to approve of the amendment of Government Notice 1890, dated 19 October 1973, in accordance with the accompanying Schedule.

SCHEDULE

1. Delete "and" at the end of paragraph (1) (r); and
2. Delete paragraph (1) (s).

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE INKOMSTE

No. 273 22 Februarie 1974

TERUGBETALING VAN LENINGSHEFFING BETAAL TEN OPSIGTE VAN DIE 1968-JAAR VAN AANSLAG

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Finansies ingevolge paragraaf 6 van die Vyfde Bylae by die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962), 1 Maart 1974 as die datum bepaal het waarna leningsheffing wat ten opsigte van die 1968-jaar van aanslag betaal is, terugbetaal sal word.

DEPARTMENT OF INLAND REVENUE

No. 273 22 February 1974

REPAYMENT OF LOAN LEVY PAID IN RESPECT OF THE 1968-YEAR OF ASSESSMENT

It is hereby notified for general information that the Minister of Finance has, in terms of paragraph 6 of the Fifth Schedule to the Income Tax Act (Act 58 of 1962), determined 1 March 1974 as the date after which loan levy paid in respect of the 1968-year of assessment shall be repaid.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 276 22 Februarie 1974

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, No. 26 VAN 1963, GELEES SAAM MET DOEANE- EN AKSYNSWET, No. 91 VAN 1964.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN/OF VOORWERPE—LYS B327

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, No. 26 van 1963, gelees saam met subartikel (3) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, No. 91 van 1964, beslis dat die onderstaande publikasies en/of voorwerpe ongewens is:

Publikasies/Publications

1. *Bible and Flying Saucers, The*—Barry H. Downing.
2. *Encounter in Eden*—Pat Tierney.
3. *How to Be An Erotic Women*—Joy Warren.
4. *Jedcrow*—Mark Elder.
5. *Quite A Good Address*—Douglas Hayes.
6. *Running*—Chris Penn.

Plakkate/Posters

7. Print of *Nude by Modigliani*, MA 10. Gepubliseer deur/Published by Celestial Arts, California.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 276 22 February 1974

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, No. 26 OF 1963, READ WITH CUSTOMS AND EXCISE ACT, No. 91 OF 1964.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND/OR OBJECTS—LIST B327

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, No. 26 of 1963, read with subsection (3) of section 113 of the Customs and Excise Act, No. 91 of 1964, declared that the undermentioned publications and/or objects are undesirable:

8. *Village Girl Sylt*, 4795. Fotografie/Photography: Bogeslawski. Gepubliseer deur/Published by Poster Verkerke Reprodukties BV., Bennekom, Holland. Gedruk in Nederland/Printed in the Netherlands.

9. *Womens Lib*, 4724. Fotografie/Photography: J. F. Bauret. Gepubliseer deur/Published by Poster Verkerke Reprodukties NV, Bennekom, Holland. Gedruk in Nederland/Printed in the Netherlands.

Kalenders/Calendars

10. *Sapporo Beer*, 1974 Calendar. Gedruk in/Printed in Japan.

11. *Nude* 1974 *Calendar*. Foto deur/Photo by S. Akiyama. Gedruk in/Printed in Japan.

No. 277 22 Februarie 1974

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, No. 26 VAN 1963, SOOS GEWYSIG

Kragtens subartikel (2) van artikel 9 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, No. 26 van 1963, soos gewysig, word vrystelling hiermee verleen van die bepalings van subartikel (1) van artikel 9 van die voormelde Wet aan die Sekretaris van die Wildlife Society of South Africa, van Alexander Drive 50, Winston Park, Gillitts, Natal, ten opsigte van die volgende 16-mm rolprente:

Butterfly.
Birds On A Sea Shore.
Miss Goodall and The Wild Chimpanzees.
Science On Safari.

Onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Dat geen van die bogemelde rolprente bedoel vir openbare vertoning enige aanstootlike stof bevat of enigiets op 'n aanstootlike wyse sal voorstel of op so 'n wyse dat dit beskou kan word as aanstootlik kragtens artikel 10 van voormelde Wet nie.

2. Dat enige van die bogemelde rolprente waaroor daar 'n redelike twyfel bestaan of dit gewens is of nie, eers aan die Raad van Beheer oor Publikasies voorgelê word alvorens dit in die Republiek van Suid-Afrika vertoon word.

J. J. KRUGER, Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 277 22 February 1974

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, No. 26 OF 1963, AS AMENDED

In terms of subsection (2) of section 9 of the Publications and Entertainments Act, No. 26 of 1963, as amended, exemption is hereby granted from the provisions of subsection (1) of section 9 of the said Act to the Secretary of the Wildlife Society of South Africa, of 50 Alexander Drive, Winston Park, Gillitts, Natal, in respect of the following 16-mm cinematograph films:

Butterfly.
Birds On A Sea Shore.
Miss Goodall and The Wild Chimpanzees.
Science On Safari.

Subject to the following conditions:

1. That none of the above-mentioned films intended for public exhibition shall contain any offensive matter or depict any matter in an offensive manner or in a manner which could be regarded as offensive in terms of section 10 of the said Act.

2. That any of the above-mentioned films about which a reasonable doubt exists as to its desirability, be first submitted to the Publications Control Board before exhibition thereof in the Republic of South Africa.

J. J. KRUGER, Chairman, Publications Control Board.

No. 260 22 Februarie 1974

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, No. 26 VAN 1963, GELEES SAAM MET DOEANE- EN AKSYNSWET, No. 91 VAN 1964.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN/OF VOORWERPE—LYS B326

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, No. 26 van 1963, gelees

No. 260 22 February 1974

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, No. 26 OF 1963, READ WITH CUSTOMS AND EXCISE ACT, No. 91 OF 1964.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND/OR OBJECTS—LIST B326

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, No. 26 of 1963, read with subsection

saam met subartikel (3) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, No. 91 van 1964, beslis dat die onderstaande publikasies en/of voorwerpe ongewens is:

Publikasies/Publications

1. *David Cassidy Book, The.* Gepubliseer deur/Published by Wise Publications, London.
2. *Encountering*—Irving A. Greenfield.
3. *Erotica*—Bernhardt J. Hurwood.

(3) of section 113 of the Customs and Excise Act, No. 91 of 1964, declared that the undermentioned publications and/or objects are undesirable:

4. *I, Norma Levy.*
5. *Opium Stratagem, The*—Hunton Downs.
6. *Shield, The*—William E. Douglas.
7. *Short Circuit*—Hugh Miller.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 262 22 Februarie 1974

AANSTELLING VAN ADJUNK-MINISTER

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 21 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, die aanstelling, met ingang van 11 Februarie 1974, van Sy Edele James Thomas Kruger, Adjunk-minister van Polisie, van Binnelandse Sake en van Volkswelsyn en Pensioene, ook as Adjunk-minister van Justisie en van Gevangenisse, met die benaming Adjunk-minister van Justisie, van Polisie, van Binnelandse Sake, van Volkswelsyn en Pensioene, goed te keur.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 262 22 February 1974

APPOINTMENT OF DEPUTY MINISTER

It is hereby notified that the State President has been pleased, under the powers vested in him by section 21 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to approve of the appointment, with effect from 11 February 1974, of the Honourable James Thomas Kruger, Deputy Minister of Police, of the Interior and of Social Welfare and Pensions, also as Deputy Minister of Justice and of Prisons, with the designation of Deputy Minister of Justice, of Police, of the Interior, of Social Welfare and Pensions and of Prisons.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 275 22 Februarie 1974

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Ingevolge Proklamasie 47 van 1965 word Goewermentskennisgewing R. 89 van 15 Januarie 1974 hiermee teruggetrek met ingang 20 Februarie 1974 en word die volgende effektiewe maksimum rentekoerse per jaar wat alle instellings wat geregistreer of voorlopig geregistreer is kragtens die Bankwet, 1965 (No. 23 van 1965), soos gewysig, en die Bouverenigingswet, 1965 (No. 24 van 1965), soos gewysig, mag betaal op deposito's (uitgesonderd spaardeposito's) geneem of hernieu òp of ná 14 Januarie 1974, en op spaardeposito's en bouverenigingsaandele met ingang 14 Januarie 1974, hiermee voorgeskryf:

	Effektiewe maksimum rentekoers per jaar
A. Deposito's	
1. Deposito's geneem vir 'n tydperk van, of onderworpe aan kennisgewing van onttrekking van—	
(a) minder as ses maande, met inbegrip van spaardeposito's en daggeldlenings	6½
(b) ses maande en langer, maar minder as 12 maande (behalwe dat in die geval van 'n deposito *opvraagbaar met ses maande kennisgewing* wat voor 14 Januarie 1974 deur 'n betrokke instelling ontvang is en wat op 14 Januarie 1974 nog nie onttrek is nie, die bestaande rentekoers wat deur die betrokke instelling op genoemde deposito betaal word, tot verdere kennisgewing deur die Reserwebank nog betaal mag word)	7¼
(c) 12 maande en langer, maar minder as 24 maande	8
(d) 24 maande en langer	8½
2. Deposito's by bouverenigings ingevolge die Staatsondersteunde huiseienaarsbesparingskema	7½
B. Bouverenigingsaandele	
(a) Subskripsie-aandele deur 'n permanente vereniging uitgereik	6½
(b) Opbetaalde onbepaalde termynaandele (uitgesonderd belastingvrye aandele) en gewone vastetermynaandele	8
(c) Vastetermynaandele met 'n gewaarborgde dividend soos in Artikel 37 (5A) van die Bouverenigingswet omskryf	8½
(d) Belastingvrye onbepaalde termynaandele	6½

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 275 22 February 1974

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

In terms of Proclamation 47 of 1965 Government Notice R. 89 of 15 January 1974 is hereby withdrawn with effect from 20 February 1974 and the following effective maximum rates of interest per annum which all institutions registered or provisionally registered under the Banks Act, 1965 (No. 23 of 1965), as amended, and the Building Societies Act, 1965 (No. 24 of 1965), as amended, may pay on deposits (other than savings deposits) accepted or renewed on or after 14 January 1974 and on savings deposits and building society shares with effect from 14 January 1974 are hereby prescribed:

	Effective maximum rate of interest per annum
A. Deposits	
1. Deposits accepted for a period of, or subject to notice of withdrawal of—	
(a) less than six months, including savings deposits and call loans	6½
(b) six months and longer but less than 12 months (except that in the case of a *six-month notice deposit* received by an institution concerned prior to 14 January 1974, and which had not been withdrawn by 14 January 1974, the existing rate of interest paid by the institution concerned on the said deposit may continue to be paid until further notice by the Reserve Bank)	7¼
(c) 12 months and longer, but less than 24 months	8
(d) 24 months and longer	8½
2. Deposits with building societies in terms of the State-assisted home owners' savings scheme	7½
B. Building Society Shares	
(a) Subscription shares issued by a permanent society	6½
(b) Paid-up indefinite period shares (excluding tax-free shares) and ordinary fixed period shares	8
(c) Fixed period shares with a guaranteed dividend as described in Section 37 (5A) of the Building Societies Act	8½
(d) Tax-free indefinite period shares	6½

Afgesien van bogemelde koerse, mag 'n kommissie van hoogstens een-half van een persent deur bankinstellings wat nie handelsbanke is nie en deur bouverenigings aan bona fide geakkrediteerde of goedgekeurde agente vir die insameling van deposito's en vir die insameling van fondse vir belegging in bouverenigings van ander partye as die agente self, betaal word; met dien verstande dat, in die geval van deposito's met 'n vaste looptyd, en deposito's opvraagbaar met kennisgewing, die maksimum kommissie gelyk moet wees aan een-half van een persent *per jaar*, ooreenkomstig die vasgestelde looptyd of minimum kennisgewingtydperk vir onttrekking van die deposito. Sodanige kommissie of enige gedeelte daarvan, of enige ander vergoeding, afgesien van die vorm wat dit mag aanneem of die benaming wat daaraan geheg mag word, mag onder geen omstandighede regstreeks of onregstreeks aan deposante betaal word of aan hulle toeval nie.

T. W. DE JONGH, President.

(iii) "Minister" die Minister van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede;

(iv) "Sekretaris" die Sekretaris van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede;

en het 'n ander woord of uitdrukking waaraan in die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973 (Wet 37 van 1973) 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan gegee.

Aansoek om 'n Maatskaplike Pensioen

3. (1) (a) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), moet 'n aansoek om 'n maatskaplike pensioen deur die aansoeker voor 'n attesterende beampte onderteken en by die distrikspensioenbeampte vir die gebied waarin die aansoeker permanent woonagtig is, ingedien word nadat die aansoeker verklaar het dat die inligting daarin verstrek na sy beste wete en oortuiging waar en juis is.

SCHEDULE

SUBPOENA UNDER SECTION 13 OF ACT 37 OF 1973

Subpoena to appear before.....
To A.B.....
You are hereby summoned to appear in person on the.....
day of.....19..... at.....o'clock .....to give evidence with respect to .....
and to bring with you the *books, records or documents and produce them to the said.....
Given under my Hand this.....
day of.....19.....
*.....
.....
.....
†.....
.....

* If the person summoned is required to produce any book, record or document, fill in a description thereof; if not, strike out these words.
† Specify designation of issuing officer.

No. 271 22 February 1974

REGULATIONS FRAMED UNDER THE SOCIAL PENSIONS ACT, 1973 (ACT 37 OF 1973).—BASTERS OF REHOBOTH

Under section 17 of the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973), read with Proclamation 219 of 1973, I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs, hereby make, with effect from 1 October 1973, the following regulations in respect of the Basters of Rehoboth.

S. W. VAN DER MERWE, Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs.

REGULATIONS

Application of Regulations

1. (1) These regulations shall apply to the Basters of Rehoboth.

(2) For the purposes of subregulation (1) "Basters of Rehoboth" shall mean persons who in fact are, or are generally accepted as, members of the Rehoboth Baster community of the Territory of South-West Africa.

Definitions

2. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(i) "attesting officer" shall mean any officer in the service of the Department of Coloured Relations and Rehoboth Affairs or the Department of Bantu Administration and Development or of Justice, any postmaster or any member of any statutory police force;

(ii) "the Act" shall mean the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973);

(iii) "Minister" shall mean the Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs;

(iv) "Secretary" shall mean the Secretary for Coloured Relations and Rehoboth Affairs;

and any other word or expression to which a meaning has been assigned in the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973), shall bear the meaning so assigned thereto.

Application for a Social Pension

3. (1) (a) Subject to the provision of subregulation (2), any application for a social pension shall, after the applicant has declared the information furnished therein to be true and correct to the best of his knowledge and belief, be signed by him in the presence of an attesting officer and submitted to the district pension officer for the area in which the applicant is permanently resident.

(b) Die attesterende beampte voor wie 'n aansoek aldus onderteken word, moet op die aansoek sertifiseer dat hy die inligting in die aansoek vervat, aan die aansoeker verduidelik het en dat die verklaring in subregulasie (1) (a) bedoel, deur die aansoeker voor hom gedoen en onderteken is.

(2) (a) Indien 'n distrikspensioenbeampte van oordeel is dat 'n aansoeker of iemand namens wie op 'n maatskaplike pensioen aanspraak gemaak word, weens 'n liggaams- of geestesgebrek nie in staat is om aan die bepalings van subregulasie (1) (a) te voldoen nie, kan hy na goeddunke iemand anders toelaat om namens sodanige aansoeker of persoon aansoek om die maatskaplike pensioen te doen, en dan is die bepalings van subregulasie (1) *mutatis mutandis* ten opsigte van sodanige ander persoon van toepassing.

(b) Wanneer 'n distrikspensioenbeampte iemand toelaat om namens iemand anders om 'n maatskaplike pensioen aansoek te doen, moet hy op die aansoek sertifiseer dat hy die persoon in die sertifikaat vermeld, magtig om namens die aansoeker om 'n maatskaplike pensioen aansoek te doen.

4. 'n Aansoek om 'n maatskaplike pensioen moet volledige besonderhede en inligting betreffende die aansoeker en sy eggenote se inkomste en bates bevat en, indien hy of sy eggenote enige onroerende eiendom besit, enige verband wat teen die titelbewys van sodanige eiendom geregistreer is.

5. Wanneer sowel 'n man as sy vrou om 'n maatskaplike pensioen aansoek doen, moet 'n afsonderlike aansoek ten opsigte van elkeen van hulle gedoen word.

6. 'n Aansoek om 'n maatskaplike pensioen moet—

(a) vergesel gaan van die aansoeker se geboortesertifikaat of doopseel of, indien die aansoeker nie in staat is om sodanige geboortesertifikaat of doopseel voor te lê nie, van sodanige ander dokumentêre bewys van die aansoeker se geboortedatum of ouderdom as wat die Sekretaris goedvind, of van 'n sertifikaat van 'n distrikspensioenbeampte na persoonlike ondersoek, ten effekte dat die aansoeker die ouderdom bereik het soos in artikel 1 van die Wet bedoel;

(b) indien die aansoeker daarop aanspraak maak dat hy 'n Suid-Afrikaanse burger deur registrasie of naturalisasie is, vergesel gaan van die sertifikaat van registrasie of naturalisasie as Suid-Afrikaanse burger, na gelang van die geval, of indien hy nie in staat is om sodanige sertifikaat voor te lê nie, van sodanige ander bewys van registrasie of naturalisasie as Suid-Afrikaanse burger as wat die Sekretaris goedvind;

(c) indien die aansoeker daarop aanspraak maak dat hy 'n Suid-Afrikaanse burger deur afkoms is, vergesel gaan van sodanige bewys van Suid-Afrikaanse burgerskap as wat die Sekretaris goedvind;

(d) vergesel gaan van sodanige bewys van verblyf in die Republiek of Suidwes-Afrika as wat die Sekretaris goedvind.

7. Die datum waarop 'n aansoek om 'n maatskaplike pensioen voor 'n attesterende beampte onderteken word, word geag die datum te wees waarop die aansoek gedoen is.

Registrasie van Aansoeke om Maatskaplike Pensioene

8. 'n Distrikspensioenbeampte moet aantekening hou van die naam en adres van iedere aansoeker van wie hy 'n aansoek om 'n maatskaplike pensioen ontvang en van die datum waarop die aansoek ingevolge regulasie 3 (1) geattesteer is.

(b) The attesting officer in whose presence an application is so signed shall certify on such application that he has explained the information contained therein to the applicant and that the declaration referred to in subregulation (1) (a) was made and signed in his presence by such applicant.

(2) (a) If a district pension officer is of opinion that any applicant or any person on whose behalf a social pension is claimed is unable, owing to some physical or mental defect, to comply with the provisions of subregulation (1) (a), he may at his discretion permit any other person to apply for such social pension on behalf of such applicant or person, in which case the provisions of subregulation (1) shall apply *mutatis mutandis* to such other person.

(b) Whenever a district pension officer permits any person to apply for a social pension on behalf of any other person he shall certify on the application that he authorises the person named in the certificate to apply for a social pension on behalf of the applicant.

4. Any application for a social pension shall contain full particulars of and information on the income and assets of the applicant and his spouse and, if he or his spouse owns any immovable property, any mortgage bond registered against the title deed of such property.

5. When both a man and his wife apply for a social pension a separate application shall be submitted in respect of each of them.

6. Any application for a social pension shall—

(a) be accompanied by the applicant's birth or baptismal certificate or, if such applicant is unable to produce such birth or baptismal certificate, by such other documentary evidence of such applicant's date of birth or age as the Secretary may deem fit or by a certificate by a district pension officer, after personal enquiry, to the effect that such applicant has attained the age referred to in section 1 of the Act;

(b) if the applicant claims to be a South African citizen by registration or naturalisation, be accompanied by the certificate of registration or naturalisation as a South African citizen, as the case may be, or if he is unable to produce such certificate, by such other evidence of registration or naturalisation as a South African citizen as the Secretary may deem fit;

(c) if the applicant claims to be a South African citizen by descent, be accompanied by such evidence of South African citizenship as the Secretary may deem fit;

(d) be accompanied by such evidence of residence in the Republic or South-West Africa as the Secretary may deem fit.

7. The date on which any application for a social pension is signed in the presence of an attesting officer shall be deemed to be the date on which such application was made.

Registration of Applications for a Social Pension

8. A district pension officer shall keep a record of the name and address of each applicant from whom he receives an application for a social pension, and of the date on which such application was attested in terms of regulation 3 (1).

Geneeskundige Verslag oor 'n Aansoeker om 'n Ongeskiktheidspensioen

9. (a) 'n Aansoeker om 'n ongeskiktheidspensioen moet hom op versoek van die Sekretaris of 'n distrikspensioenbeampte aan geneeskundige ondersoek deur 'n distriksgeneesheer onderwerp.

(b) Die distriksgeneesheer wat 'n aansoeker op versoek van die Sekretaris of 'n distrikspensioenbeampte geneeskundig ondersoek, moet die Sekretaris of daardie distrikspensioenbeampte, na gelang van die geval, van 'n verslag op die vorm deur die Sekretaris voorgeskryf, voorsien.

Getuies Moet Aanwesig Wees

10. 'n Dagvaarding wat ingevolge artikel 13 van die Wet uitgereik word, moet sover doenlik in die vorm van die Bylae wees.

Persone wat Nie op 'n Maatskaplike Pensioen Geregtig is Nie

11. Niemand is op 'n maatskaplike pensioen geregtig nie—

(a) indien hy 'n inkomste het wat, in die geval van 'n ongetroude applikant, die bedrag van R492 per jaar, of in die geval van 'n getroude applikant, die bedrag van R984 per jaar, te bowe gaan; of

(b) indien 'n toelae kragtens die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), of 'n regulasie daarkragtens uitgevaardig ten opsigte van hom betaal word.

12. Niemand is op 'n pensioen vir blindes geregtig nie—

(a) indien hy 'n ouderdomspensioen of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang; of

(b) indien hy, om redes wat die Sekretaris onvoldoende ag, weier om hom te onderwerp aan geneeskundige behandeling wat deur 'n distriksgeneesheer aanbeveel word.

13. (1) Niemand is op 'n ongeskiktheidspensioen geregtig nie—

(a) indien hy 'n ouderdomspensioen of 'n pensioen vir blindes ontvang; of

(b) indien 'n toelae kragtens die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), of 'n regulasie daarkragtens uitgevaardig ten opsigte van hom betaal word of hy in 'n inrigting soos omskryf in artikel 1 van genoemde Wet onderhou word; of

(c) indien hy volgens wet verplig is om 'n skool by te woon; of

(d) indien sy 'n getroude vrou is wat na die oordeel van die Sekretaris behoorlik deur haar man, as hy nie 'n pensioentrekker is nie, onderhou word, ongeag of sy gewoonlik met hom saamwoon al dan nie; of

(e) indien hy op gronde wat die Sekretaris onvoldoende ag, weier om hom te onderwerp aan geneeskundige ondersoek of behandeling wat 'n distriksgeneesheer nodig ag ten einde die mate van sy beweerde ongeskiktheid vas te stel; of

(f) indien hy, hoewel hy aan 'n liggaamlike of geestesswakheid ly, na die oordeel van die Sekretaris nogtans in staat is om die een of ander werk te onderneem en weier of versuim hom hom op versoek van die Sekretaris of die distrikspensioenbeampte by 'n arbeidsburo te laat registreer en vir 'n tydperk van minstens drie maande met daardie arbeidsburo in verbinding te bly of, om redes wat die Sekretaris onvoldoende ag, weier om werk te aanvaar wat binne sy vermoë is en by sy omstandighede pas en waaruit hy die middele kan verkry wat nodig is om behoorlik selfonderhoudend te wees.

(2) By die toepassing van subregulasie (1) word 'n weiering, wat die lewe in gevaar stel of kan stel, om geneeskundige behandeling te ondergaan, nie geag op onvoldoende gronde te berus nie.

Medical Report on an Applicant for a Disability Pension

9. (a) At the request of the Secretary or a district pension officer an applicant for a disability pension shall subject himself to a medical examination by a district surgeon.

(b) The district surgeon who medically examines an applicant at the request of the Secretary or a district pension officer shall furnish the Secretary or such district pension officer, as the case may be, with a report on the form prescribed by the Secretary.

Securing Attendance of Witnesses

10. Any subpoena issued under section 13 of the Act shall, as far as practicable, be in the form of the Schedule.

Persons who are not Entitled to a Social Pension

11. No person shall be entitled to a social pension—

(a) if he is in receipt of an income in excess of R492 per annum, in the case of an unmarried applicant, or R984 per annum, in the case of a married applicant; or

(b) if an allowance is paid in respect of him under the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), or a regulation made thereunder.

12. No person shall be entitled to a blind person's pension—

(a) if he is in receipt of an old age pension or a disability pension; or

(b) if he refuses, on grounds which the Secretary deems to be insufficient, to subject himself to any medical treatment which may be recommended by a district surgeon.

13. (1) No person shall be entitled to a disability pension—

(a) if he is in receipt of an old age pension or a blind person's pension; or

(b) if an allowance is paid in respect of him under the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), or a regulation made thereunder, or if he is being maintained in an institution as defined in section 1 of the said Act; or

(c) if he is compelled by law to attend school; or

(d) in the case of a married woman, if she is, in the opinion of the Secretary, properly supported by her husband, if he is not a pensioner, whether she usually lives with him or not; or

(e) if on grounds deemed by the Secretary to be insufficient he refuses to subject himself to a medical examination or treatment deemed necessary by a district surgeon in order to determine the degree of his alleged disability; or

(f) if he, though suffering from some physical or mental infirmity, is nevertheless, in the opinion of the Secretary, able to undertake some kind of employment and refuses or neglects to register at a labour bureau and to remain in communication with such labour bureau for a period of not less than three months, at the request of the Secretary or the district pension officer, or for reasons regarded by the Secretary as insufficient refuses to accept employment which he is able to undertake and which is suitable for him in his circumstances and will enable him to support himself properly.

(2) For the purposes of subregulation (1) any refusal of medical treatment whereby life is endangered or is likely to be endangered shall not be deemed to be a refusal on insufficient grounds.

Vasstelling van Bedrag van Maatskaplike Pensioen

14. (1) Behoudens die bepalings van die Wet en van hierdie regulasies—

(a) beloop die maatskaplike pensioen wat aan 'n aansoeker toegeken word, 'n bedrag van hoogstens R282 per jaar wat die Sekretaris met inagneming van die omstandighede, jaarlikse inkomste en ander middele van die betrokke aansoeker en van sy eggenote vasstel;

(b) word 'n maatskaplike pensioen, behoudens die bepalings van regulasie 11, nie aan 'n aansoeker toegeken volgens 'n skaal wat sy jaarlikse inkomste en ander middele, tesame met die pensioen, die bedrag van R534 te bowe laat gaan nie;

(c) word die bedrag van die maatskaplike pensioen wat aan 'n aansoeker toegeken word met die bedrag van R12 per jaar verminder vir iedere R12 of deel daarvan waarmee die jaarlikse inkomste en ander middele van sodanige aansoeker die bedrag van R252 te bowe gaan;

(d) word die gesamentlike bates, met inbegrip van enige vruggebruik, van 'n getroude aansoeker en sy eggenote vir die doel van die bepaling van die aansoeker se ander middele in aanmerking geneem;

(e) word die gesamentlike inkomste van 'n getroude aansoeker en sy eggenote geag die inkomste van die aansoeker te wees.

(2) (a) Indien die jaarlikse persoonlike inkomste van 'n manlike aansoeker 50 persent van die jaarlikse vergoeding wat sy eggenote ontvang vir dienste gelewer, nie te bowe gaan nie, word, benewens die jaarlikse persoonlike inkomste van die aansoeker, die ander middele van hom en sy eggenote en die helfte van die jaarlikse inkomste van sy eggenote verkry uit ander bronne as vergoeding deur sy eggenote ontvang vir dienste gelewer, slegs 'n kwart van enige vergoeding deur sy eggenote ontvang vir dienste gelewer by die oorweging van die aansoeker se aansoek om 'n maatskaplike pensioen in aanmerking geneem.

(b) Ondanks die bepalings van subregulasie (2) (a), word slegs die helfte van die jaarlikse inkomste ontvang deur 'n blinde persoon vir dienste deur hom persoonlik gelewer by die oorweging van sy aansoek om 'n maatskaplike pensioen in aanmerking geneem.

(c) Behalwe in 'n geval waar die bepalings van subregulasie (2) (a) van toepassing is, word slegs die helfte van die gesamentlike jaarlikse inkomste van 'n getroude aansoeker en sy eggenote by die oorweging van sy aansoek om 'n maatskaplike pensioen ingevolge artikel 4 (3) van die Wet in aanmerking geneem.

(d) By die bepaling van 'n aansoeker se ander middele word enige bates wat hy of sy eggenote aan iemand anders geskenk het, of enige bates waarvan hy of sy eggenote die vruggebruik gehou het waarvan afstand gedoen is, in aanmerking geneem: Met dien verstande dat sodanige bates nie in aanmerking geneem word nie indien 'n tydperk van vyf jaar verstryk het na die datum van skenking of die datum waarop afstand van die vruggebruik gedoen is.

(3) Vir die toepassing van subregulasies (1) en (2) beteken—

(a) "bates" enige onroerende eiendom, kontantbeleggings, belang in die aandele, aandelekapitaal of bates van 'n maatskappy of ander instelling, kapitaal in 'n sakeonderneming belê, en kontant voorhande of in 'n lopende rekening by 'n bank of ander finansiële instelling;

(b) "inkomste"—

(i) enige vergoeding, hetsy in kontant of andersins, ontvang vir dienste gelewer, maar nie ook sodanige vergoeding deur 'n persoon ná die bereiking van die ouderdom van 70 jaar ontvang nie;

Determination of Amount of Social Pension

14. (1) Subject to the provisions of the Act and of these regulations—

(a) the social pension granted to any applicant shall be of such amount, not exceeding R282 per annum, as the Secretary may determine, due regard being had to the circumstances, annual income and other means of the applicant concerned and of his spouse;

(b) no social pension shall, subject to the provisions of regulation 11, be granted to any applicant at a rate which will cause his annual income and other means, together with the pension, to exceed the amount of R534 per annum;

(c) the amount of the social pension granted to an applicant shall be reduced by the amount of R12 per annum for every R12 per part thereof by which the annual income and other means of such applicant exceed the amount of R252;

(d) the combined assets, including any usufruct, of a married applicant and his spouse shall be taken into account for the purpose of determining such applicant's other means;

(e) the combined income of a married applicant and his spouse shall be deemed to be the income of such applicant.

(2) (a) If the annual personal income of a male applicant does not exceed 50 per cent of the annual remuneration received by his spouse for services rendered, only a quarter of any remuneration received by his spouse for services rendered, in addition to the annual personal income of the applicant, the other means of such applicant and his spouse and half the annual income of his spouse derived from sources other than remuneration received by her for services rendered, shall be taken into account in considering such applicant's application for a social pension.

(b) Notwithstanding the provisions of subregulation (2) (a), only half the annual income received by a blind person for services rendered by him personally shall be taken into account in considering his application for a social pension.

(c) Except in a case where the provisions of subregulation (2) (a) apply, only half the combined annual income of a married applicant and his spouse shall be taken into account in considering his application for a social pension under section 4 (3) of the Act.

(d) In determining an applicant's other means, any assets donated by him or his spouse to any other person, or any assets of which he or his spouse enjoyed the usufruct which was relinquished, shall be taken into account: Provided that such assets shall not be taken into account after the expiration of a period of five years from the date of donation or the date of relinquishment of the usufruct.

(3) For the purposes of subregulations (1) and (2)—

(a) "assets" shall mean any immovable property, cash investments, interest in the shares, share capital or assets of a company or other institutions, capital invested in any business concern, and cash in hand or in a current account at any bank or other financial institution;

(b) "income" shall mean—

(i) any remuneration, either in cash or otherwise, received for services rendered, but shall not include such remuneration received by any person after he has attained the age of 70 years;

(ii) enige winste verkry uit 'n sakeonderneming waarvan 'n aansoeker of sy eggenote die eienaar is;

(iii) enige voordele ingevolge die wetsbepalings of reëls met betrekking tot 'n pensioen- of voorsorgfonds of die een of ander skema ontvang, maar nie ook enige voordele ontvang ingevolge die Wet, die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), die Werkloosheidsversekeringswet, 1966 (Wet 30 van 1966), of ingevolge 'n regulasie kragtens enige van genoemde Wette uitgevaardig nie;

(iv) enige winste uit die beoefening van die landbou verkry, wat hierby geag word die bedrag van R72 per jaar te beloop, mits die aansoeker die eienaar is van die betrokke eiendom;

(v) enige inkomste uit 'n ander bron verkry, maar nie ook huurgelde, rente of diwidende nie;

(c) "ander middele"—

(i) die geraamde jaarlikse opbrengs van die bates van 'n aansoeker, met inbegrip van enige vruggebruik, soos bepaal deur die bedrag waarmee die onbeswaarde waarde van sodanige bates die bedrag van R3 200 te bowe gaan, deur 200 te deel en die resultaat met 12 te vermenigvuldig;

(ii) die jaarlikse winste deur die aansoeker of sy eggenote verkry uit enige onroerende eiendom vir landboudoeleindes gehuur: Met dien verstande dat die minimum jaarlikse inkomste aldus verkry, geag word R72 te wees.

Datum Waarop 'n Maatskaplike Pensioen Toeval

15. (1) Geen maatskaplike pensioen word toegeken met ingang van 'n datum wat vroeër is as die eerste dag van die maand waarin daarom aansoek gedoen word nie of, indien 'n aansoek gedoen word voor die verstryking van 'n tydperk van 60 dae vanaf die datum waarop die aansoeker die toepaslike ouderdom bereik het, met ingang van 'n datum wat vroeër is as die eerste dag van die maand waarin die aansoeker die toepaslike ouderdom bereik het nie.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) kan die Sekretaris na goeddunke 'n maatskaplike pensioen in 'n bepaalde geval toeken met ingang van 'n later datum as 'n datum in genoemde subregulasie bedoel.

Oppasserstoelae

16. Indien iemand aan wie 'n maatskaplike pensioen ingevolge die Wet toegeken is, na die oordeel van die Sekretaris die ouderdom van 90 jaar bereik het of in so 'n liggaamlike of geestestoestand verkeer dat hy gereeld deur iemand anders opgepas moet word en geen subsidie deur die Staat aan enige ouetehuis of ander inrigting ten opsigte van sy huisvesting en versorging betaal word nie, kan die Sekretaris, op sodanige voorwaardes en met ingang van sodanige datum as wat hy bepaal, benewens sodanige pensioen, aan die pensioentrekker of aan iemand anders ten behoewe van hom 'n oppasserstoelae van hoogstens R60 per jaar toeken.

Betaling van Maatskaplike Pensioene en Toelaes

17. Maatskaplike pensioene en oppasserstoelaes ingevolge die Wet of hierdie regulasies toegeken, word maandeliks deur die Sekretaris of iemand deur hom aangewys, op sodanige tye en plekke as wat deur die Sekretaris bepaal word, betaal.

18. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), moet iedere pensioentrekker die maatskaplike pensioen en toelaes aan hom betaalbaar, persoonlik in ontvangs neem en 'n kwitansie onder sy handtekening of merk ten opsigte van die bedrag aldus ontvang, verstrek.

(2) Wanneer 'n pensioentrekker versoek dat enige maatskaplike pensioen en toelaes aan hom toegeken, vir 'n onbepaalde tydperk deur iemand anders ten behoewe van hom in ontvangs geneem moet word, kan die persoon

(ii) any profits derived from a business concern of which an applicant or his spouse is the owner;

(iii) any benefits received under the statutory provisions or rules relating to any pension or provident fund or any scheme, but shall not include any benefits received under the Act, the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), the Unemployment Insurance Act, 1966 (Act 30 of 1966) or under any regulation made under any of the said Acts;

(iv) any profits derived from the practice of agriculture which shall hereby be deemed to be the amount of R72 per annum, provided the applicant is the owner of the property concerned;

(v) any income derived from any other source, but shall not include rentals, interest or dividends;

(c) "other means" shall mean—

(i) the estimated annual yield of the assets of an applicant, including any usufruct, as determined by dividing the amount by which the unencumbered value of such assets exceeds the amount of R3 200, by 200 and by multiplying the result by 12;

(ii) the annual profits derived by the applicant or his spouse from any immovable property rented for agricultural purposes: Provided that the minimum annual income so derived shall be deemed to be R72.

Date on which Social Pension Accrues

15. (1) No social pension shall be granted with effect from a date earlier than the first day of the month in which such pension is applied for or, if a pension is applied for before the expiry of a period of 60 days from the date on which the applicant attained the appropriate age, with effect from a date earlier than the first day of the month in which such applicant attained such age.

(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), the Secretary may, at his discretion, grant a social pension in a particular case with effect from a later date than a date referred to in the said subregulation.

Attendant's Allowance

16. If, in the opinion of the Secretary, any person to whom a social pension has been granted under the Act has attained the age of 90 years or if his physical or mental condition is such that he requires the regular attendance of any other person, and if no subsidy is paid by the State to any home for the aged or other institution in respect of his accommodation and care, the Secretary may, on such conditions and with effect from such date as he may determine, in addition to such pension, grant such pensioner or any person on behalf of such pensioner an attendant's allowance not exceeding R60 per annum.

Payment of Social Pensions and Allowances

17. Social pensions and attendants' allowances granted under the Act or these regulations shall be paid monthly by the Secretary or any person designated by him at such times and places as the Secretary may determine.

18. (1) Subject to the provisions of subregulation (2), every pensioner shall receive in person the social pension and allowances payable to him and furnish a receipt under his signature or mark in respect of the amount so received.

(2) When any pensioner requests that some other person shall for an indefinite period receive on his behalf any social pension and allowances granted to him, the person paying out such pension and allowances may, on the

wat sodanige pensioen en toelaes uitbetaal, by voorlegging aan hom van 'n skriftelike magtiging van die pensioentrekker, behoorlik in aanwesigheid van twee getuies onderteken en deur die Sekretaris goedgekeur, sodanige pensioen en toelaes aan die persoon in die magtiging vermeld, uitbetaal.

(3) Die bepalings van subregulasie (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op iemand aan wie 'n maatskaplike pensioen en toelaes ooreenkomstig 'n magtiging kragtens subregulasie (2) verleen, uitbetaal word.

Betaling van Maatskaplike Pensioene en Toelaes aan Persone wat in Sekere Inrigtings Onderhou word of Behandeling Ontvang

19. (1) Indien 'n pensioentrekker te eniger tyd in 'n inrigting op koste van die Staat of in 'n staats- of staatsondersteunde inrigting wat hulptoelaes van die Staat ontvang, onderhou word of behandeling ontvang, word geen pensioen of toelaes ingevolge die Wet of hierdie regulasies aan of ten behoewe van hom vanaf die eerste dag van die maand wat onmiddellik volg op die maand waarin hy in sodanige inrigting op koste van die Staat of in sodanige staats- of staatsondersteunde inrigting opgeneem word tot die laaste dag van die maand wat die maand waarin hy uit sodanige inrigting of sodanige staats- of staatsondersteunde inrigting ontslaan word, onmiddellik voorafgaan, betaal nie: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie van toepassing is nie op 'n pensioentrekker wat onderhou of behandel word—

(a) in 'n ouetehuis soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967);

(b) in 'n tehuis vir gestremde persone;

(c) in 'n inrigting, anders as op koste van die Staat of in 'n staats- of staatsondersteunde inrigting, wat 'n hospitaal is en bestem is vir die behandeling van persone wat aan 'n akute ongesteldheid ly;

(d) vir 'n tydperk van hoogstens drie maande in 'n staats- of staatsondersteunde inrigting wat 'n hospitaal is en bestem is vir die behandeling van persone wat aan 'n chroniese ongesteldheid ly.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), kan die Sekretaris na goeddunke 'n maatskaplike pensioen en enige toelae wat aan 'n pensioentrekker in genoemde subregulasie vermeld, toegeken is, of enige deel daarvan, aan die pensioentrekker of aan iemand anders of aan die bestuur van die staats- of staatsondersteunde inrigting waarin die pensioentrekker aldus onderhou of behandel word, vir besteding ten behoewe van die pensioentrekker betaal vir sodanige tydperk as wat die Sekretaris goedvind.

Omskepping van Sekere Maatskaplike Pensioene

20. (1) Indien iemand wat 'n pensioen vir blindes of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang, aan die vereistes vir 'n ouderdomspensioen voldoen, kan sodanige pensioen, indien dit nie tot nadeel van sodanige persoon sal wees nie, op sy versoek of deur die Sekretaris uit eie beweging in 'n ouderdomspensioen omgeskep word en wel met ingang van 'n datum wat die Sekretaris bepaal.

(2) Indien iemand wat 'n ouderdomspensioen of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang aan die vereistes vir 'n pensioen vir blindes voldoen, kan sodanige pensioen, indien dit nie tot nadeel van sodanige persoon sal wees nie, op sy versoek of deur die Sekretaris uit eie beweging in 'n pensioen vir blindes omgeskep word en wel met ingang van 'n datum wat die Sekretaris bepaal.

(3) Die bepalings van die Wet, uitgesonderd artikel 4, en die bepalings van hierdie regulasies, uitgesonderd regulasies 3, 4, 5, 6, 7 en 15, is *mutatis mutandis* met betrekking tot die omskepping van 'n pensioen ingevolge subregulasies (1) en (2) van toepassing.

production of any written authority given by such pensioner and duly signed in the presence of two witnesses and approved by the Secretary, pay out such pension and allowances to the person named in such authority.

(3) The provisions of subregulation (1) shall apply *mutatis mutandis* to any person to whom a social pension and allowances are paid out in accordance with any authority granted under subregulation (2).

Payment of Social Pensions and Allowances to Persons Maintained or Recieving Treatment in Certain Institutions

19. (1) If at any time any pensioner is being maintained or is receiving treatment in any institution at the expense of the State or in a State or State-aided institution receiving grants-in-aid from the State, no pension or allowances shall be paid to him or on his behalf under the Act or these regulations from the first day of the month immediately following the month in which he is admitted to such institution at the expense of the State or to such State or State-aided institution up to the last day of the month immediately preceding the month in which he is discharged from such institution or such Sate or State-aided institution: Provided that the provisions of this regulation shall not apply to a pensioner maintained or receiving treatment—

(a) in a home for the aged, as defined in section 1 of the Aged Persons Act, 1967 (Act 81 of 1967);

(b) in a home for handicapped persons;

(c) in such institution, otherwise than at the expense of the State or in a State or State-aided institution, being a hospital intended for the treatment of persons suffering from any acute illness;

(d) for a period not exceeding three months in any State or State-aided institution, being a hospital intended for the treatment of persons suffering from any chronic illness.

(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), the Secretary may at his discretion pay a social pension and any allowance granted to any pensioner referred to in the said subregulation or any portion thereof to such pensioner or to any other person or to the management of the State or State-aided institution in which such pensioner is being so maintained or treated, for spending on behalf of such pensioner for such period as the Secretary may deem fit.

Conversion of Certain Social Pensions

20. (1) If any person in receipt of a blind person's pension or disability pension qualifies for an old age pension, such pension may, provided it shall not be to the disadvantage of such person, be converted at his request or by the Secretary of his own accord into an old age pension with effect from such date as the Secretary may determine.

(2) If any person in receipt of an old age pension or a disability pension qualifies for a blind person's pension, such pension may, provided it shall not be to the disadvantage of such person, be converted at his request or by the Secretary of his own accord into a blind person's pension with effect from such date as the Secretary may determine.

(3) The provisions of the Act, excluding section 4, and the provisions of these regulations, excluding regulations 3, 4, 5, 6, 7 and 15, shall apply *mutatis mutandis* to the conversion of a pension under subregulations (1) and (2),

Verval van Maatskaplike Pensioene en Toelaes

21. (1) 'n Maatskaplike pensioen of toelae verval—

(a) op die laaste dag van die maand waarin 'n pensioentrekker te sterwe kom, en geen sodanige pensioen of toelae is aan die boedel van sodanige pensioentrekker betaalbaar nie;

(b) wanneer 'n pensioentrekker sodanige pensioen vir ses agtereenvolgende maande nie getrek het nie.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1)—

(a) kan die Sekretaris na goeddunke sodanige pensioen en toelae bereken tot op die laaste dag van die maand waarin die pensioentrekker te sterwe kom, ter betaling van enige bedrag wat strydig met die Wet of hierdie regulasies aan of ten behoewe van sodanige pensioentrekker betaal is, aanwend of aan enigiemand wat na die oordeel van die Sekretaris, koste aangegaan het ten opsigte van die pensioentrekker se onderhoud, versorging of begrafnis betaal;

(b) kan die Sekretaris, indien hy daarvan oortuig is dat die versuim om sodanige pensioen te trek aan omstandighede buite die pensioentrekker se beheer te wyte was, gelas dat sodanige pensioen en toelae voortbestaan vanaf die dag waarop dit die laaste keer getrek is of vanaf die ander datum wat hy bepaal.

Intrekking of Verandering van Maatskaplike Pensioen

22. (1) Die Sekretaris kan 'n maatskaplike pensioen te enige tyd hersien, en as hy daarvan oortuig is—

(a) dat sodanige pensioen ingetrek, verminder of verhoog behoort te word, kan hy, met behoorlike inagneming van die omstandighede van elke geval—

(i) sodanige pensioen intrek; of

(ii) sodanige pensioen in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 14 verminder of verhoog, met ingang van sodanige datum, met inbegrip van 'n datum in die verlede, as wat hy bepaal;

(b) dat sodanige pensioen wat ingetrek is, herstel behoort te word, kan hy sodanige pensioen in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 14 herstel met ingang van die eerste dag van die maand waarin sodanige pensioen volgens sy oordeel aldus herstel behoort te word of moes gewees het.

(2) Indien om verhoging van 'n maatskaplike pensioen aansoek gedoen word en die Sekretaris daarvan oortuig is dat sodanige pensioen verhoog behoort te word, kan hy sodanige pensioen in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 14 verhoog met ingang van die eerste dag van die maand waarin aansoek gedoen word: Met dien verstande dat indien die aansoek gedoen word binne 'n tydperk van 60 dae na die datum waarop die betrokke pensioentrekker volgens die Sekretaris se oordeel aan die vereistes vir die verhoging voldoen het, die Sekretaris sodanige pensioen kan verhoog met ingang van die eerste dag van die maand waarin die pensioentrekker aldus voldoen het.

Appèl na die Minister

23. (1) Iemand wat ingevolge artikel 8 van die Wet teen 'n beslissing of handeling van die Sekretaris appelleer, moet, binne 'n tydperk van 90 dae na die datum waarop die beslissing gegee is of die handeling plaasgevind het, 'n skriftelike kennisgewing van sodanige appèl by die Sekretaris indien.

(2) Sodanige kennisgewing moet die gronde waarop teen die betrokke beslissing of handeling geappelleer word, volledig uiteensit.

(3) Die Sekretaris moet die kennisgewing en al die stukke waarop dit betrekking het, tesame met sodanige opmerkings as wat hy wil maak, binne 'n tydperk van 14 dae na ontvangs van die kennisgewing deur hom aan die Minister voorlê.

Lapsing of Social Pension and Allowances

21. (1) Any social pension or allowance shall lapse—

(a) on the last day of the month in which a pensioner dies, and no such pension or allowance is payable to the estate of such pensioner;

(b) when a pensioner has not drawn such pension for six consecutive months.

(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1)—

(a) the Secretary may, at his discretion, apply such pension and allowance calculated up to the last day of the month in which such pensioner dies in payment of any amount paid to or on behalf of such pensioner in contravention of the Act or these regulations or pay such pension to any person who has, in the opinion of the Secretary, incurred any expense on such pensioner's maintenance, care or funeral;

(b) the Secretary may, if he is satisfied that the failure to draw such pension was due to circumstances over which such pensioner had no control, direct that such pension and allowance shall continue from the date on which they were last drawn or from such other date as he may determine.

Cancellation or Variation of Social Pension

22. (1) The Secretary may at any time review a social pension, and if he is satisfied—

(a) that such pension should be cancelled, reduced or increased, he may with due regard to the circumstances of each case—

(i) cancel such pension; or

(ii) reduce or increase such pension in conformity with the provisions of regulation 14 with effect from such date, including any date in the past, as he may determine;

(b) that such pension which has been cancelled should be restored, he may restore such pension in conformity with the provisions of regulation 14 with effect from the first day of the month in which such pension should, in his opinion, be so restored or have been so restored.

(2) If application is made for an increase in a social pension and the Secretary is satisfied that such pension should be increased, he may increase such pension in conformity with the provisions of regulation 14 with effect from the first day of the month in which such application is made: Provided that if such application is made within a period of 60 days of the date on which, in the opinion of the Secretary, the pensioner concerned became qualified to receive such increase, the Secretary may increase such pension with effect from the first day of the month in which the pensioner became so qualified.

Appeal to the Minister

23. (1) Any person who, in terms of section 8 of the Act, appeals against any decision or action by the Secretary, shall give notice of such appeal to the Secretary, in writing, within a period of 90 days of the date of such decision or action.

(2) Such notice shall fully state the grounds of appeal against such decision or action.

(3) The Secretary shall submit such notice and all documents to which it relates, together with such comments as he may wish to make, to the Minister within a period of 14 days of his receipt of such notice.

Herroeping van Sekere Wetsbepalings

24. Goewermentskennisgewing R. 83, vir sover dit pensioenaangeleenthede betref, en Goewermentskennisgewings R. 82 en R. 84 van 21 Januarie 1972 word hierby ingetrek.

BYLAE

DAGVAARDING KRAGTENS ARTIKEL 13 VAN WET 37 VAN 1973

Dagvaarding om te verskyn voor.....
Aan A.B.....
U word hierby gedagvaar om op die.....dag van .....19.....om.....uur persoonlik te verskyn om getuienis af te lê aangaande..... en die *boeke, rekords of dokumente met u saam te bring en aan genoemde.....voor te lê.
Gegee onder my Hand op hede die..... dag van.....19.....
*.....
.....
.....
†.....
.....

* Indien die gedagvaarde 'n boek, rekord of dokument moet voorlê, vul in beskrywing daarvan; so nie, moet hierdie woorde geskrap word.
† Meld hoedanigheid van uitreikingsbeampte.

No. 272 22 Februarie 1974

REGULASIES INGEVOLGE DIE WET OP MAATSKAPLIKE PENSIOENE, 1973 (WET 37 VAN 1973).—NAMAS IN DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

Kragtens artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973 (Wet 37 van 1973), gelees met Proklamasie 219 van 1973, vaardig ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede, hierby, met ingang van 1 Oktober 1973, onderstaande regulasies uit ten opsigte van Namas in die gebied Suidwes-Afrika woonagtig.

S. W. VAN DER MERWE, Minister van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede.

REGULASIES

Toepassing van Regulasies

1. (1) Hierdie regulasies is van toepassing op Namas in die gebied Suidwes-Afrika woonagtig.

(2) By die toepassing van subregulasie (1) beteken "Namas" persone wat inderdaad lede van die Namavolk van die gebied Suidwes-Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaan.

Woordomskrywing

2. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "attesterende beampte" 'n beampte in diens van die Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede of van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of van Justisie, 'n posmeester of 'n lid van 'n polisiemag wat by wet ingestel is;

(ii) "die Wet" die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973 (Wet 37 van 1973);

(iii) "Minister" die Minister van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede;

(iv) "Sekretaris" die Sekretaris van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede;

en het 'n ander woord of uitdrukking waaraan in die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973 (Wet 37 van 1973), 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan gegee.

Aansoek om 'n Maatskaplike Pensioen

3. (1) (a) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), moet 'n aansoek om 'n maatskaplike pensioen deur die aansoeker voor 'n attesterende beampte onderteken en by die distrikspensioenbeampte vir die gebied waarin die

Repeal of Certain Legal Provisions

24. Government Notice R. 83, in so far as it relates to pension matters, and Government Notices R. 82 and R. 84, dated 21 January 1972, are hereby withdrawn.

SCHEDULE

SUBPOENA UNDER SECTION 13 OF ACT 37 OF 1973

Subpoena to appear before.....
To A.B.....
You are hereby summoned to appear in person on the..... day of.....19..... at.....o'clock .....to give evidence with respect to ..... and to bring with you the *books, records or documents and to produce them to the said .....
Given under my Hand this..... day of.....19.....
*.....
.....
.....
†.....
.....

* If the person summoned is required to produce any book, record or documents, fill in a description thereof; if not, strike out these words.
† Specify designation of issuing officer.

No. 272 22 February 1974

REGULATIONS FRAMED UNDER THE SOCIAL PENSIONS ACT, 1973 (ACT 37 OF 1973).—NAMA IN THE TERRITORY OF SOUTH-WEST AFRICA

Under section 17 of the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973), read with Proclamation 219 of 1973, I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs, hereby make, with effect from 1 October 1973, the following regulations in respect of Nama in the Territory of South-West Africa.

S. W. VAN DER MERWE, Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs.

REGULATIONS

Application of Regulations

1. (1) These regulations shall apply to Nama resident in the Territory of South-West Africa.

(2) For the purposes of subregulation (1) "Nama" shall mean persons who in fact are, or are generally accepted as, members of the Nama nation of the Territory of South-West Africa.

Definitions

2. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(i) "attesting officer" shall mean any officer in the service of the Department of Coloured Relations and Rehoboth Affairs or the Department of Bantu Administration and Development or of Justice, any postmaster or any member of any statutory police force;

(ii) "the Act" shall mean the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973);

(iii) "Minister" shall mean the Minister of Coloured Relations and Rehoboth Affairs;

(iv) "Secretary" shall mean the Secretary for Coloured Relations and Rehoboth Affairs;

and any other word or expression to which a meaning has been assigned in the Social Pensions Act, 1973 (Act 37 of 1973), shall bear the meaning so assigned thereto.

Application for a Social Pension

3. (1) (a) Subject to the provisions of subregulation (2), any application for a social pension shall, after the applicant has declared the information furnished therein to be true and correct to the best of his knowledge and belief,

aansoeker permanent woonagtig is, ingedien word nadat die aansoeker verklaar het dat die inligting daarin verstrek na sy beste wete en oortuiging waar en juis is.

(b) Die attesterende beampte voor wie 'n aansoek aldus onderteken word, moet op die aansoek sertifiseer dat hy die inligting in die aansoek vervat, aan die aansoeker verduidelik het en dat die verklaring in subregulasie (1) (a) bedoel, deur die aansoeker voor hom gedoen en onderteken is.

(2) (a) Indien 'n distrikspensioenbeampte van oordeel is dat 'n aansoeker of iemand namens wie op 'n maatskaplike pensioen aanspraak gemaak word, weens 'n liggaams- of geestesgebrek nie in staat is om aan die bepalings van subregulasie (1) (a) te voldoen nie, kan hy na goeddunke iemand anders toelaat om namens sodanige aansoeker of persoon aansoek om die maatskaplike pensioen te doen, en dan is die bepalings van subregulasie (1) *mutatis mutandis* ten opsigte van sodanige ander persoon van toepassing.

(b) Wanneer 'n distrikspensioenbeampte iemand toelaat om namens iemand anders om 'n maatskaplike pensioen aansoek te doen, moet hy op die aansoek sertifiseer dat hy die persoon in die sertifikaat vermeld, magtig om namens die aansoeker om 'n maatskaplike pensioen aansoek te doen.

4. 'n Aansoek om 'n maatskaplike pensioen moet volledige besonderhede en inligting betreffende die aansoeker en sy eggenote se inkomste en bates bevat en, indien hy of sy eggenote enige onroerende eiendom besit, enige verband wat teen die titelbewys van sodanige eiendom geregistreer is.

5. Wanneer sowel 'n man as sy vrou om 'n maatskaplike pensioen aansoek doen, moet 'n afsonderlike aansoek ten opsigte van elkeen van hulle gedoen word.

6. 'n Aansoek om 'n maatskaplike pensioen moet—

(a) vergesel gaan van die aansoeker se geboortesertifikaat of doopseel of, indien die aansoeker nie in staat is om sodanige geboortesertifikaat of doopseel voor te lê nie, van sodanige ander dokumentêre bewys van die aansoeker se geboortedatum of ouderdom as wat die Sekretaris goedvind, of van 'n sertifikaat van 'n distrikspensioenbeampte, na persoonlike ondersoek, ten effekte dat die aansoeker die ouderdom bereik het soos in artikel 1 van die Wet bedoel;

(b) indien die aansoeker daarop aanspraak maak dat hy 'n Suid-Afrikaanse burger deur registrasie of naturalisasie is, vergesel gaan van die sertifikaat van registrasie of naturalisasie as Suid-Afrikaanse burger, na gelang van die geval, of indien hy nie in staat is om sodanige sertifikaat voor te lê nie, van sodanige ander bewys van registrasie of naturalisasie as Suid-Afrikaanse burger as wat die Sekretaris goedvind;

